

## **OPSKORTING VAN INDUSTRIËLE AKSIE BY SARS**

**12 Augustus 2022** – Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) verwelkom die opskorting van die industriële aksie deur twee erkende arbeidsunies, PSA en Nehawu. Die PSA was die eerste om die industriële aksie amptelik op te skort vanaf 20 Julie 2022, gevolg deur Nehawu op 8 Augustus.

Aan die hand van hierdie aankondiging deur die twee unies, is stakende werknemers terug by die werk en SARS-bedryghede, insluitend fasilitering van handeldryf by ons grense, gaan voort soos normaal.

Die opskorting van die industriële aksie bied alle partye die geleentheid om te werk jeens vordering in die onderhandelinge en verwante besprekings jeens die skikking van die dispuut. Vervolgens sal opvolgbesprekings geskeduleer word, asook die nasionale bedingingsproses om die skakeling voort te sit.

Vir meer inligting, kontak asseblief [SARSMedia@sars.gov.za](mailto:SARSMedia@sars.gov.za).